Kleingroepe

vierde kwartaal reeks
17-23 November 2013

OMGEE-TYD

Laat groeplede met mekaar een hoogtepunt en een laagtepunt van die afgelope week deel. Gee vir almal geleentheid om te deel en doen dan ‘n dankgebed.

LEER-TYD

Blaai saam deur die boek Haggai. Laat iemand die twee die hoofstukke hardop vir die groep lees.

Kyk weer na die vier preke van Haggai: Hag 1; Hag 2:1-9; Hag 2:10-19; Hag 2:20-23.

Gesels oor die volgende vrae:

- Wat val julle op in die vier preke? Wat is dit wat die Here onder hulle aandig wil bring?
- Kyk ook aan wie spesifiek word die vier preke gerig. Hoekom dink julle praat Haggai spesifiek met hulle in hierdie omstandighede?
- Wat vertel Haggai ons oor wie en hoe God is? As ons die boodskappe van Haggai hoor, wat sê dit van wie en hoe God is en wat Hy doen en nie doen nie?

Watter emosie en gedagtes beleef jy na aanleiding van lg vraag?

- Hoe sal jy reageer op Haggai se boodskap (dink aan jou omstandighede, jou eie huis en familie, jou werk, jou ontspanning, jou “kerk”tyd, ens)? Hoe dink jy moet jy reageer op hierdie boodskap? Is daar ‘n verskil tussen hoe jy sal reageer en hoe jy moet reageer? Gesels hieroor.

AANBID-TYD

Lees Ps 118:5-9 en vv28. 29 en draai twee-twee na mekaar en reageer in gebed op hierdie verse. Doen ook voorbidding vir mense wat deur moeilike tye gaan. Asook die Gemeenteraad en ander leiers van Blancogemeente.

DIEN-TYD

Waartoe word ons vandag steeds geroep? Wat moet ons in ons eie omgewing gaan doen? Waar en hoe moet ons prioriteite verander om God as die sentrum van ons gemeente en gemeenskap te eer en wys?